

KOMMUNIKAMMA 22 AUGUSTUS 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit.wessels@hotmail.com

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 22 Augustus

Teks: Lukas 24:13-35

Tema: Die tafel in die middel van die pad

NAGMAAL by altwee eredienste

08:30 Eietydse-erediens

https://youtu.be/6Fg2OHuH_Uo Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

10:00 Klassieke-erediens

(Ons deurdankoffer gaan vir Christelike Lektuurfonds)

KATEGESE

10:00 Kategese by die kerkgebou vir graad 7 - 11. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 1 - 6 kategese vind by ouerhuise plaas.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou net **50 persone** per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die eredienste.

Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie, maar dat persone wat bespreek het toegelaat sal word en die wat opdaag net toegelaat word tot ons die getal van 50 bereik. Indien die volgende 3 sondae se eredienste vol is en regulasies nie verander nie, sal voortgaan om 2 eredienste te hou.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

GETUIENIS

Indien enige iemand julle getuienis met die gemeente wil deel, moedig ons julle aan om dit te doen. Kontak asb met een van die dominees of met Niekie.

STAP OF DRAF VIR HOOP

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) bied met dankbaarheid die tweede Virtuele Draf/Stap/Fietsry vir Hoop aan op DV 22 Augustus 2021. Elke deelnemer se inskrywingsgeld van R100 is 'n bydrae tot ons 2 Miljoen Bybels projek. Daarmee word elke deelnemer 'n saaiër van hoop. Individue kan inskryf deur te registreer en elektronies te betaal op die inskrywingsplatform. Toegang tot die platform word verkry deur gebruik te maak van een van die volgende skakels. Vanweë die effek van Covid-19 en die huidige onrus in die land, was ons genoodsaak om al die fisiese stap/draf/fietsry byeenkomste uit te stel. Ons hoop om dit by 'n ander geleentheid wel te kan aanbied. Die virtuele geleentheid gaan egter volstoom voort. Skryf asseblief in.

Webblad: <https://www.modernathlete.co.za/event/virtual-run-cycle-for-hope/>

Facebook: <https://fb.me/e/4j1OK1ohV?ti=wa>



Maandag 23 Augustus

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Dinsdag 24 Augustus

19:00 Leefkerk

Alle Tieners word uitgenooi, **om Dinsdagaand 19:00** minute to win it saam met ons in die kerkgebou te kom speel.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R235 624 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Willie en Gaynor Swanepoel (Abeliasingel 23) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.



Woensdag 25 Augustus

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

19:00 KERKRAADSVERGADERING

Vrydag 27 Augustus

05:15 MANNEGROEP

Indien jy wil deel word van die groep, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 29 Augustus

08:30 EIETYDSE-EREDIENS

10:00 KLASSIEKE-EREDIENS

10:00 KATEGES

Kategese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategese vind by ouerhuise plaas.

TEKS van die WEEK

Galasiërs 5:22. "Net soos 'n boom wat baie vrug oplewer, wys Geesvervulde mense dat hulle aan God behoort. Sulke mense gee baie om vir ander. Hulle lewe is vol vreugde. Die vrede wat van God af kom, ken en ervaar hulle. Hulle verdra ander mense sonder om ooit lelik met hulle te wees. Hulle straal vriendelikheid en warmte uit; daarom wil ander graag in hulle teenwoordigheid wees. Hulle doen goeie dinge vir ander mense. Ander kan altyd op hulle reken omdat hulle self deur dik en dun op God vertrou. Hulle is vol deernis en ontferming. Die Gees stel hulle in staat om hulleself goed te beheer sodat sonde nooit hoogty in hulle lewe vier nie."

SAKE vir GEBED:

- Ons dank God dat Hy vir ons mildelike reën gestuur het, maar ons bly op ons knieë en smee vir nog reën sodat ons damvlakke kan styg.
- Ons dank die Here dat ds Toit Wessels en sy vrou Odette nou veilig hier by ons is. Ons bid dat hulle sal tuis wees, vir hul pad vorentoe en dat hy die gemeente, deur die Heilige Gees, sal bedien met die Woord.
- Ons is, saam met Elizma en die kinders, baie dankbaar dat Gert Harmse na sy lang, traumatiese ondervinding met Covid-19, nou tuis kan aansterk. Ons glo dat hy gou sy kragte volkome sal herwin. Alle eer aan God.
- Tannie Charlotte J. van Rensburg sterk ook mooi aan in die hospitaal. Ons bid vir volkome herstel.
- Fred Vosloo is Maandag oorlede. Bid vir Sandra en familie vir vertroosting.
- Chris van Zyk is oorlede. Bid vir Linda en hul familie.
- Marius Breytenbach se suster is oorlede.
- Bid vir herlewing, 'n nuwe ontwaking, veral onder die jeug en dat hulle elkeen deur die Gees gedring sal word om diensbaar te wees.
- Dra die matrieks aan die Here op. Hulle begin hierdie week met rekord eksamen. Bid ook vir almal in die onderwys wat onder moeilike omstandighede moet voortgaan.
- Bid vandag vir almal wat in hierdie wêreld swaarkry. Dink aan die vlugtelinge is Afghanistan en veral Kabul.
- Libanon, waar 'n bom in 'n hawe ontplof het en geen medikasie ingevoer kan word nie.
- Dink aan Haiti wat deur 'n erge aardbewing ontwig is.
- Verskriklike brande in Griekeland en Turkye.
- Die groot geestelike-duisternis wat in die Midde-Ooste toesak. Ons weet God is daar. Bid dat HY, ons Vader in Sy genade, Sy grootheid, Sy alwetendheid en Sy liefde die mense sal versterk en vertroos.
- Gerrit en Janine Coetzee wat hulle roeping gehoorsaam om die koninkryk van God uit te brei. Dit is 'n eensame pad in die vreemde en ons kan hulle versterk deur gedurig vir hulle te bid en vra dat hulle intens van Jesus se liefde en genade bewus sal wees.
- Ons dank die Here vir almal in ons gemeente wat die hand van omgee en bemoediging uitsteek. Ons bid vir mekaar vir beskerming, liefde en genade. Mag julle Sy vrede elke dag ondervind.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam met geheime Christengelowiges in **Qatar** wie almal Jesus aanvaar het, maar dit glad nie mag openbaar maak nie. Bid saam dat hulle families en gemeenskappe sal toelaat dat hulle openlik kan aanbid, en dat die omliggende samelewing 'n openheid vir ander gelowe, behalwe Islam, sal ontwikkel.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|-------------|--|
| 22 Augustus | Willem Lombard, Roos-Marie Strydom en Japie Theron |
| 23 Augustus | Nonnie Botha, Chantene van Biljon, Kian van Biljon, Tania van Wyk en Stanley Vermeulen |
| 24 Augustus | Ann du Toit, Nico Oosthuizen, Suzette Fourie, Jean-Roux van Huyssteen en Adri Vosloo |
| 25 Augustus | Nico Gouws |
| 26 Augustus | Craig de Beer en Mariette Grobler |
| 27 Augustus | Johanna le Grange, Tim Schmidt, Estelle Schoeman en Marius Terblanche |
| 28 Augustus | Johan Coetzee, Mila Coetzer, Lorraine Greyling, Charles Tait en Wihan van der Merwe |



DANKOFFER

Die vyfde maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein surplus, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



BOURESERWEFONDS

Ons geboue is 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerkkompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Die totaal van die herstel- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie nader voltooiing.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die Bou- en verbeteringsfonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

TERUGVOER VAN THERE4 – BEDIENINGE

Liewe Gemeentelede

Dit gaan goed met Gerrit en Janine in die Midde-Ooste.

Ons dank die Here vir die geleentheid wat Hy skep vir There4-Bedieninge om eerstehands in Covid-tyd by dissipelmaking en bemoediging betrokke te wees.

Wat 'n voorreg om betrokke te wees by die opleiding van nuwe bekeerlinge, die bemoediging van Christene wat moes vlug vir hulle geloof en in 'n vreemde land vasgevang is as gevolg van Covid.

Ons beleef hoe die Here besig is om lewens te verander deur Sy Lewende Woord.

Ons dank Hom ook vir die geleentheid om 'n pad met nie-gelowiges te loop en om Sy liefde oor hulle uit te giet.

As daar individue is wat meer spesifiek vir die Coetzee-gesin of There4-Bedieninge se spanne in die veld wil bid, stuur asseblief 'n epos aan Nadia by support@there4ministries.org en vra vir die Coetzee Nuusbrief of Ontmoetings wat Bemoedig.

Ons het julle gebede en ondersteuning so nodig.

Baie liefde.

Gerrit, Janine en die There4-Bedieninge Span